Sagaria 2:8(12): ’n Moontlike Afrikaanse vertaling van ’n moeilike teks

Author:
Daniël F. O’Kennedy[1]

Affiliation:
[1]Department of Old and New Testament, Stellenbosch University, Stellenbosch, South Africa

Correspondence to:
Daniël O’Kennedy

Email:
danieok@nghelder.co.za

Postal address:
PO Box 337, Somerset West 7129, South Africa

Dates:
Received: 19 Sept. 2011
Accepted: 11 Jan. 2012
Published: 14 Mar. 2013

How to cite this article:
O’Kennedy, D., 2013, ‘Sagaria 2:8(12): ’n Moontlike Afrikaanse vertaling van ’n moeilike teks’, *In die Skriflig/ In Luce Verbi* 47(1), Art #85, 6 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ids.v47i1.85

Copyright:
© 2013. The Authors. Licensee: AOSIS OpenJournals. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

Read online:
Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

Geleerdes stem saam dat die Hebreeuse teks van Sagaria 2:8 (v. 12 in Hebreeus) uiters moeilik is om te vertaal. Hierdie artikel fokus op die volgende vrae: Maak die Masoretiese teks sin? Moet ons die Masoretiese teks wysig? Die vertaling van die volgende ingewikkelde woorde en frases word bespreek: (1)יהוה צבאות; (2) אחר כבוד שלחני; 3) the particle כי; (4) בבבת; (5) en עינו. Die skrywer glo dat dit nie nodig is om die Masoretiese teks te wysig nie en bied die volgende moontlike vertaling aan: ‘Want so sê die HERE van alle magte: Ná die heerlikheid (d.i. die visioen) het Hy my gestuur na die nasies deur wie julle uitgebuit is; waarlik, wie aan julle vat, vat aan die appel van sy oog.’

Zechariah 2:8(12): A possible Afrikaans translation of a difficult text. Scholars agree that the Hebrew text of Zechariah 2:8 (v. 12 in Hebrew) is extremely difficult to translate. The questions posed by this article is: Does the Masoretic text make sense? Do we need to change the Masoretic text? The article discuses the translation of the following difficult words or phrases: (1)יהוה צבאות; (2) אחר כבוד שלחני; 3) the particle כי; (4) בבבת; (5) and עינו. The author argues that we do not need to change the Masoretic text and the following possible translation is presented: ‘For thus says the Lord of all powers: After the glory (i.e. the vision) He sent me to the nations who plundered you; truly, the one who touches you touches the apple of his eye.’

Inleiding

Geleerdes is dit eens dat Sagaria 2:8(12)[1] een van die moeilikste teksgedeeltes in die boek Sagaria is. Smith (1984:196) skryf die volgende: ‘*The expression* אחר כבוד שלחני [*after glory he sent me*] *is the most puzzling clause in the book*.’ Tiemeyer (2004:352) sluit hierby aan: ‘*The Hebrew text of Zechariah 2:12 is extremely difficult. The syntactical structure of the verse is unclear and our understanding of its vocabulary is insufficient*.’ Vanweë talle onsekerhede en probleme word uiteenlopende vertalings aangebied.

Hierdie artikel poog om die volgende twee vrae aan te spreek: Hoe kan die moeilike teks van Sagaria 2:8(12) in Afrikaans vertaal word?; en Moet die Masoretiese teks net so behou word of moet dit gewysig word? Daar sal kortliks aan die breë literêre konteks aandag gegee word. Die grootste gedeelte van die artikel fokus egter op die vertaling van vers 8(12).[2,3]

Litêrere konteks van Sagaria 2

Die meeste navorsers aanvaar dat Sagaria 1-8 in drie groot literêre eenhede verdeel kan word:

- 1:1–6: Inleiding: Oproep tot bekering
- 1:7–6:15: Visioene en orakels[4]
- 7:1–8:23: Oproep tot bekering: van vas tot fees

Hierdie breë verdeling word gemaak op grond van die drie hoofopskrifte wat elk ’n datum en die inleidingsformule ‘het die woord van die Here tot Sagaria gekom’ bevat (Sag 1:1; 1:7; 7:1).[5] Alhoewel die drie dele in omvang en literêre aard verskil, is daar ‘n herhaling van belangrike woorde en motiewe. Met betrekking tot genre en retoriek is daar ‘n duidelike verskil tussen Sagaria 1:1–6 en 7:1–8:23 aan die een kant en Sagaria 1:7–6:15 aan die ander kant. Sagaria 1:1–6 sowel as 7:1–8:23 bevat mondelinge materiaal wat in ‘n prosastyl geskryf is. Hierdie twee gedeeltes het

1.Gewoonlik word die Hebreeuse teksverwysing eerste geplaas en die Engelse of Afrikaanse verwysing tweede. Aangesien hierdie artikel oor die Afrikaanse vertaling handel, word die verwysing, soos gevind in die Afrikaanse vertalings, eerste geplaas.

2.Daar gaan nie in hierdie artikel op die verskillende teorieë van Bybelvertaling gefokus word nie. Daar word gepoog om by die vertaalopdrag van die Bybelgenootskap van Suider-Afrika aan te sluit met die oog op die nuwe Afrikaanse vertaling: ‘Skep ’n goed verstaanbare, brontaalgerigte vertaling wat bedoel is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en privaatgebruik.’

3.Alle versverwysings dui op Sagaria 2.

4.Dit is moeilik om die Engelse woord *oracle* te vertaal. ’n Moontlike sinoniem vir *orakel* is ‘godspraak’.

5.Die drie inleidings wys moontlik op die hand van ’n redaktor (vgl. Boda 2004:38).

dieselfde taalgebruik en het waarskynlik in dieselfde tradisie ontstaan. In teenstelling hiermee bestaan Sagaria 1:7–6:15 uit 'n reeks visioene wat deurspek is met orakels en simbolese dade (Fourie 1991:276–277; Boda 2004:38).

Die verhouding tussen die visioene en orakels in Sagaria 1:7–6:15 word deur geleerdes verskillend geïnterpreteer. Sommige geleerdes reken dat die orakels latere byvoegings is en selfs die boodskap van die visioene uitdaag. Ander geleerdes glo weer dat die orakels 'n integrale deel van die visioene vorm. Ons sluit by laasgenoemde standpunt aan en reken dat die orakels oorspronklik deel van die visioene was (vgl. Redditt 1995:42; Petersen 2002:208). Daar is nie genoegsame gronde om die orakelmateriaal van die visioene te skei nie. Die visioen-genre in die profetiese literatuur bevat gewoonlik verduidelikings en hierdie verduidelikings neem telkens die vorm van 'n orakel aan (vgl. Am 8:1–3; 9:1–4; Jer 1:11–16; 24:1–10; Eseg 37:1–14 ens.).

Sagaria 2:6–13 (10–17) vorm deel van die tweede literêre eenheid. Dit is 'n orakel wat aan die begin aan die ballinge gerig word en met 'n oproep aan alle mense afsluit (v. 13[17]).[6] Hierdie orakel kom voor tussen die beskrywing van die derde visioen (die man met die maatlyn) en die vierde visioen (die hoëpriester Josua). Sagaria 2:6–13 (10–17) kan moontlik soos volg gestruktureer word (Floyd 2000:366–367):

(1) Oproep gerig aan die ballinge: vers 6–12 (10–17)
- Oproep om Babel te verlaat: vers 6–9 (10–13)
  - Dubbele oproep om uit Babel te vlug: vers 6-8 (10–12)
  - Motivering vir die oproep om Babel te verlaat: vers 9 (13)
- Oproep om Jerusalem se herstel te vier: vers 10–12 (14–16)
  - Dubbele oproep om bly te wees: vers 10a (14a)
  - Motivering vir die oproep: vers 10b–12 (15b-16)

(2) Oproep gerig aan alle mense: vers 13 (17)

Sagaria 2:8(12) vorm dus deel van die dubbele oproep om uit Babel te vlug (v. 6-8 [10-12]). Elkeen van die oproepe word met die Hebreeuse partikel הִוֹי [wee] ingelei, waarna 'n verduideliking gegee word. By die eerste oproep word die Godsnaam יהוה gebruik en by die tweede oproep יהוה צבאות. In die volgende afdeling sal daar bloot op vers 8(12) gefokus word.

Moeilike vertalingskwessies in Sagaria 2:8(12)

Daar is ten minste vyf woorde of sinsnedes binne die een vers waaroor daar gedebatteer word of waaroor groot onsekerheid bestaan.

יהוה צבאות[7]

Die Goddelike naam יהוה צבאות skep 'n vertalingsprobleem. Gevolglik word dit uiteenlopend in moderne tale vertaal. Afrikaans is geen uitsondering nie. Die 1933/1953 Afrikaanse vertaling (1933/1953-AV)[8] vertaal יהוה צבאות met 'Here van die leërskare', terwyl die 1983 Afrikaanse vertaling (1983-AV) asook die Nuwe Lewende Vertaling 2006 (NLV) dit met 'Here die Almagtige' vertaal. Die Bybel vir almal/Bybel vir Dowes 2008 (BD)[9] vertaal dit bloot met 'Here'.

Daar is talle vrae by geleerdes oor die oorsprong en presiese betekenis van die woord צבאות**,** asook die grammatikale verhouding tussen die twee woorde. Ten minste twee vertalings, naamlik Yahweh Sabaoth (Jerusalem Bible 1966 [JB]) en Herr Zebaoth (Die Bibel)[10] volg bloot die maklikste uitweg en bied 'n transliterasie aan Dit is belangrik dat die ontwikkeling van die Hebreeuse term in aanmerking geneem word. Die meeste geleerdes aanvaar dat die Hebreeuse wortelvorm (צבא) iets van 'n aardse militêre konteks weerspieël. Uit hierdie aardse konteks het die woord verder ontwikkel om ook hemelse leërskares of magte in te sluit. Talle geleerdes het voorgestel dat יהוה צבאות na meer as nét aardse leërmagte of nét hemelse leërmagte verwys (vgl. Schmitt 1972:151). Dit verwys na alles in die skepping, in die hemel en op aarde, naamlik aardse en hemelse leërmagte, bose of demoniese magte en natuurmagte.

Daar word voorgestel dat יהוה צבאות met 'Here van alle magte' vertaal word weens die volgende redes:

- Die woord יהוה moet as 'n eienaam beskou word en nie as 'n werkwoord[11] nie. In die meeste vertalings word יהוה met 'Here' vertaal.[12]
- Die alomvattende betekenis van die woord צבאות moet in 'n vertaling weerspieël word. Die woorde *alle magte* fokus nie net op een betekenis aspek nie.
- Die grammatikale verhouding tussen יהוה en צבאות lewer talle vrae op. 'n Constructus verhouding, soos dit in die vroegste vertalings verstaan is, is die aanvaarbare keuse. Dit is 'n unieke gebruik in Hebreeus, maar word wel deur buite-bybelse inskripsies ondersteun. Mettinger (1999:920), wat tot op datum die meeste navorsing oor יהוה צבאות gedoen het, sluit hierby aan as hy skryf: *'The traditional understanding, viz. as a construct relation, "Yahweh of seba'ôt" seems the most probable solution …'*.

אחר כבוד שלחני

Die Hebreeuse woorde אחר כבוד שלחני veroorsaak baie interpretasieprobleme. Smith (1984:196) beskryf dit as *'the most puzzling clause in the book'* en Clark en Hatton (2002:110–111) wys onder andere op 11 verskillende interpretasies. 'n Letterlike vertaling vir hierdie frase is: 'Na/agter heerlikheid het hy my gestuur'. Die vraag is: Maak hierdie letterlike vertaling enige sin vir die moderne leser?

6.In vers 17 staan daar letterlik 'alle vlees'.

7.Vergelyk O'Kennedy (2007:185–200) vir 'n volledige bespreking.

8.Daar is enkele herformulerings in 1991 gedoen.

9.Oorspronklik uitgegee as die 'Bybel vir Dowes'.

10.Die Bibel nach der deutschen Übersetzung von D. Martin Luther 1966, Lutherisches Bibelhaus, Berlin.

11.Sommige geleerdes soos Albright, Freedman, Cross en Mullen glo dat die woord יהוה gesien moet word as 'n werkwoord, naamlik die kousatiewe vorm van 'om te wees' (vgl. O'Kennedy 2007:188–189).

12.Uit eerbied vir die Godsnaam het die Jode van die vroegste tye af die Hebreeuse woord יהוה as אדני gelees.

Opsomming van verskillende vertalingsmoontlikhede

Daar is verskillende maniere waarop hierdie frase hanteer word. Vervolgens word 'n opsomming van die verskeie moontlikhede aangebied. Die verskillende moontlikhede word in drie groepe ingedeel:

Eerstens, die frase שלחני אחר כבוד word as 'n latere byvoeging beskou[13] en bloot in die vertaling uitgelaat (Gute Nachricht Bibel 1997; Today's English Version/Good News Bible 1976; Rudolph 1976:86–88).

Tweedens beskou sommige vertalings en geleerdes die teks as bedorwe en probeer gevolglik die Masoretiese teks wysig. Die volgende voorstelle word gemaak:

- Die woorde אחר כבוד word gewysig na אשר כבוד [wie sy heerlikheid gestuur het] (Tekskritiese voorstel van Biblia Hebraica Stuttgartensia 1997 [BHS]).[14]
- Wysiging na ארח כבוד [pad/weg van heerlikheid] (Tekskritiese voorstel van Biblia Hebraica 1973 [BHK]).
- Die werkwoord שלחני [Hy het my gestuur] word gewysig na שלח אני [Ek het gestuur] (Tekskritiese voorstel van BHS).

'n Derde groep probeer die Masoretiese teks net so behou en sin daaruit maak. Daar is talle voorstelle van geleerdes en vertalings:

- Die 1933/1953 AV asook Smith (1984:194–196) se vertalings probeer die Masoretiese teks letterlik weergee: 'Hy het my gestuur agter heerlikheid aan' ('*after glory he sent me to the nations*').
- Die woord כבוד word op 'n verskeidenheid maniere geïnterpreteer:
  - Sommige reken dat כבוד net 'n ander manier is om na God of YHWH te verwys (New Revised Standard Version 1989 (NRSV);[15] Mason 1977:43; Meyers & Meyers 1987:162;[16] Redditt 1995:60; Sweeney 2000:588–589;[17] Clark & Hatton 2002:111). Die BD bied 'n interessante interpretasie waar die heerlikheid van YHWH met lig vergelyk word: 'Hy is die lig en Hy het my gestuur'.
  - Die moontlikheid bestaan dat die 'heerlikheid' na die visioen kan verwys. Gevolglik word dit deur sommige geleerdes direk vertaal of bloot in hakies ná die woord *heerlikheid* geplaas: '*after the glory (that is, the vision), the Lord sent me*' (JB);[18] Mitchell & Smith 1912:142; Klein 2008:121).
  - Boda (2004:236) glo dat Sagaria 2 met Esegiël 39:21–29 verbind moet word. Hier word God se eer of heerlikheid met sy oordeel gelyk gestel. Op grond van hierdie gegewens kan dit soos volg verstaan word: '*after glory – that is, after judgement – the prophet is sent to declare disaster for Babylon*' (Boda 2004:236).
  - Die New International Version 1984 (NIV) reken dat die heerlikheid na die profeet verwys en vertaal die nomen as 'n werkwoord: '*after he has honored me and sent me*'.
- Die Hebreeuse partikel אחר word soos volg verstaan:
  - 'n Groot aantal Engelse vertalings vertaal אחר met '*after*' (King James Version/Authorized version 1611 (KJV); New American Standard Bible 1971 (NASB); NRSV; NIV; New Living Translation 1996 (NLT); NJPS). Die Engelse woord *after* kan egter in Afrikaans met 'agter' (voorsetsel), 'na/ná' (voorsetsel of temporele bywoord)[19] en 'nadat' (voegwoord) vertaal word. Die Engelse vertalings veronderstel egter die voorsetsel *agter* (vgl. ook 1933/1953-AV). Sommige beskou אחר as 'n temporele bywoord wat met 'ná' in Afrikaans vertaal kan word (vgl. JB; Mitchell & Smith 1912:142; Klein 2008:121). Volgens Rignell (1950:87–88) dien אחר as 'n voegwoord en kan in Afrikaans met 'nadat' vertaal word.
  - Die 1983-AV en Baldwin (1972:109) vertaal אחר met '*with*' [met]. Eersgenoemde se vertaling lees 'met volmag' en laasgenoemde '*with insistence he sent me*'.
  - Kloos (1975:729–736) argumenteer dat אחר 'n doelsin inlei: '*in order to obtain glory*'.
  - Stead (2009:122) reken dat die partikel אחר ook met '*the sake of*' vertaal kan word: '*after* (*or the sake of*) *his honour sent me against the nations*'.
  - Die New English Translation 1996 (NET) vertaal אחר met '*for*': '*that for his own glory he has sent me to the nations*'.
  - Sweeney (2000:589) verstaan אחר as 'n nomen, dit wil sê '*back of glory*'.
- Daar is verskil van mening oor wie of wat die subjek en objek van die werkwoord *stuur* is:
  - Geleerdes soos Petersen (1985:172), Hanhart (1998:114) en Tiemeyer (2004:370–372)[20] beskou die 'heerlikheid' as die subjek van die werkwoord.
  - Die NLV sowel as die NASB[21] beskou die Here as die subjek van 'stuur': 'Na 'n tyd van eer het die Here die Almagtige my na die nasies wat jou verdruk het, gestuur' en '*After glory He has sent me against the nations*'.
  - Die New King James Version 1979 (NKJV) veronderstel dat God die objek van die stuur is: '*He sent Me after glory*'.
  - Merril (2003:108) se gebruik van hoofletters veronderstel dat God die subjek en objek van die stuur is: '*After glory has He sent Me to the nations*'.

13.Vergelyk tekskritiese opmerkings van BHS.

14.Die New Jewish Publication Society 1985 (NJPS) aanvaar hierdie voorstel en vertaal dit soos volg: '*He who sent me after glory*'.

15.Die frase word deur die NRSV tussen hakies geplaas: '*For thus said the Lord of hosts (after his glory sent me) regarding the nations*'.

16.'*after* (*his*) *Glory had sent me*' (Meyers & Meyers 1987:162).

17.Sweeney (2000:588–589) skryf die volgende: '*Such a view fails to recognize that the expression "`ahar kabôd" is a cryptic reference to YHWH much like "`ehyeh, I am", cryptically functions as a designation for YHWH in Ex 3:14.*' Sweeney (2000:589) reken dat die frase *na/agter heerlikeid* spesifiek verwys na die visioen van YHWH in Eksodus 33:12–34:9 waar Hy sy goddelike heerlikheid bewys, maar Moses net toegelaat word om sy rugkant te sien. Volgens Sweeney verwys Sagaria 2:8(12) dus na YHWH as '*the back of glory*' soos wat Moses dit in Sinai ervaar het. Die stelling '*the back of glory*' (dit is YHWH) dui aan dat YHWH die engel namens Hom gestuur het. Ongelukkig bied Sweeney nie 'n eie vertaling aan nie.

18.Die JB gebruik nie die woord *vision* in die hoofteks van die vertaling nie, maar wel in 'n verduidelikende voetnoot.

19.Van der Merwe, Naudé en Kroeze (1997:225) bespreek אחר slegs as 'n voorsetsel. Verskeie geleerdes en woordeboeke verwys na die woord '*after*' [ná] as 'n temporele bywoord.

20.'*After (the) glory sent me*' (Petersen 1985:172); 'n *achdem die Herrlichkeit mich gesandt hatte*' (Hanhart 1998:114); '*Afterwards, honor will send me against the nations who are spoiling you*' (Tiemeyer 2004:370–372).

21.Die Good News Translation, 1992 reken ook dat die Here die subjek is, maar laat die ander woorde bloot uit: '*So the Lord Almighty sent me*'.

- Sommige moderne vertalings bied 'n vrye interpretasie as vertaling aan:
  - '… *he sent me on a glorious mission*' (New English Bible 1972 [NEB]).
  - '*... die mij zijn grootheid heeft geopenbaard*' (De Nieuwe Bijbelvertaling 2004 [NBV04]).
  - '*Then the glorious Lord All-Powerful ordered me to say*' (Contemporary English Version Revised 2007).
  - ''n Mens voel sy magtige teenwoordigheid aan. Hy is die Een wat my met 'n boodskap na die nasies stuur' (Die Boodskap 2002-vertaling).

Evaluering van verskillende moontlikhede

Dit is baie moeilik om die verskillende moontlikhede te evalueer. Daar word eerstens begin om 'n paar moontlikhede uit te skakel.

Die eerste moontlikheid (d.w.s. om dit as latere byvoeging te beskou en weg te laat) word nie aanvaar nie. Feitlik al die antieke en moderne vertalings sowel as die meeste geleerdes aanvaar nie hierdie voorstel nie. Tweedens word verkies om nié die Masoretiese teks te wysig nie. Die tekskritiese apparaat van BHS stel voor dat die werkwoord שלחנו [hy het my gestuur] na שלח אני [Ek het gestuur] gewysig word. Hierdie voorstel, sowel as die ander twee tekskritiese voorstelle van BHS en BHK, kan nie aanvaar word nie. Daar is nie genoegsame gronde om die bestaande teks te wysig nie. Die oorgelewerde teks word deur die meeste antieke vertalings ondersteun[22] (Van der Woude 1984:53; Fourie 1991:47).

Derdens is die beste opsie om te probeer sin te maak vanuit die bestaande Masoretiese teks. Drie moontlike vrae kan ons hiermee help: Is כבוד 'n selfstandige naamwoord of 'n werkwoord?; Na wie se heerlikheid word hier verwys?; en Wie of wat is die subjek en objek van die werkwoord *stuur*? (vgl. Stead 2009:114).

Die NIV reken dat die heerlikheid verwys na die profeet '*After he has honored me and sent me*'. Hierdie voorstel kan nie aanvaar word nie, omdat die Hebreeuse selfstandige naamwoord gebruik word en nie 'n werkwoord nie. Volgens Tiemeyer (2004:370–371) is God die objek van die werkwoord *stuur*. Die vraag is dan: Wie kan vir God stuur? Volgens Tiemeyer is כבוד die subjek van die werkwoord en kan die beste met 'eer' vertaal word. Tiemeyer (2004:370–371) verwoord haar standpunt soos volg: '*My proposition is to see the whole clause as a metaphorical expression where God is sent by (his) honour to proclaim punishment for the nations*.' Volgens haar pas hierdie vertaling goed in by die res van Sagaria 1–8. God se eer was op die spel omdat Hy sy volk in ballingskap weggestuur het en die tempel verwoes is. Tiemeyer se standpunt is 'n moontlikheid, veral as in ag geneem word dat die woord כבוד en die subjek van die werkwoord *stuur*, albei as manlik enkelvoud getipeer word. Daar is egter steeds 'n paar vrae, omdat dit nie 'n algemene gebruik van die woord *heerlikheid* is nie. Mitchell en Smith (1912:141), sowel as die NASB en die NLV, reken dat YHWH die subjek van die werkwoord is en die profeet die objek. Hierdie voorstel maak meer sin as daar na die res van die profetiese literatuur en die onmiddellike konteks gekyk word. Talle profetiese gedeeltes verwys na die Here wat sy profeet stuur (vgl. Jes 6:8; 42:19; Eseg 2:4; Mal 3:1; 4:5 e.a.). Jeremia 25:9 verwys spesifiek na die Here wat sy profeet na die nasies stuur, terwyl Jesaja 66:19 verwys na dié wat die oordeel oorleef het wat na die nasies gestuur word. Die belangrikste argument is egter dat Sagaria 2:9(13) direk na die Here wat die profeet gestuur het, verwys: 'Dan sal julle weet dat die HERE van alle magte my gestuur het' (vertaling-DFO).

Die Hebreeuse woord כבוד kan op verskillende maniere in Engels vertaal word: '*honour, glory, distinction, heaviness, weight, abundance, riches, burden, reputation, importance, splendour, distinction*' (Koehler, Baumgartner & Stamm 1995:547–548; Collins 1997:577-587). Met betrekking tot God word כבוד gewoonlik met 'eer' of 'heerlikheid' vertaal. In Sagaria 2:5(9), die enigste ander teksgedeelte in Sagaria waar die woord כבוד voorkom, word dit ook met 'heerlikheid' vertaal. Die vraag is egter of ons hierdie *heerlikheid* binne die konteks van Sagaria 2 verder moet interpreteer en of dit net so behou moet word. Mitchell en Smith (1912:142) en Klein (2008:121) se vertaling maak die meeste sin: '… *after the glory [that is, the vision], the Lord sent me*'. Klein (2008) skryf die volgende hieroor:

> Accordingly, this view believes that Zechariah referred back to his prophetic call, affirming that his prophetic ministry as well as the night vision from the Lord that he was about to relate, both occurred subsequent to receiving his prophetic call. (bl. 121)

Die vraag is of 'n mens in die lig van hierdie interpretasie כבוד direk as 'visioen' kan vertaal en of dit tussen hakies geplaas moet word.

Die voorstel dat אחר as doelsin vertaal kan word, kan waarskynlik nie aanvaar word nie. Kloos (1975:732–734) noem 'n paar voorbeelde waar sy reken dat אחר as doelsin vertaal kan word, maar dit is beslis nie 'n algemene gebruik nie. Die sintaksis van die Hebreeuse frase veronderstel nie 'n doelsin nie.

Die vertaling van אחר met 'nadat', 'want' of 'met' kom nie algemeen in Hebreeus voor nie. Die partikel אחר word gewoonlik met 'agter' of 'na' vertaal. Die woord *agter* dui ruimtelike plasing aan en die woord *na* temporele plasing (Waltke & O'Connor 1990:192; Van der Merwe *et al.* 1997:225; Koehler, Baumgartner & Stamm 1994:35).

כי

Gewoonlik word die Hebreeuse partikel כי met 'want' in Afrikaans vertaal. In die LXX word כי met *dioti* [want, sedert, dat] vertaal en die Siriese vertaling lees 'dit wat'. In die Vulgaat word dit bloot uitgelaat en korrespondeer dit met die gebruik van die partikel כי as 'n inleiding tot die direkte rede. Tiemeyer (2004:357–358) wys daarop dat diegene wat die

22.Vergelyk Septuaginta (LXX), Siriese vertaling; Targum; Vulgaat en Koptiese vertaling. Asada (1896:27–28) het 'n deeglike studie gemaak van die Hebreeuse teks van Sagaria 1–8 in vergelyking met verskillende antieke vertalings. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die Masoretiese teks van Sagaria 2:8(12) glad nie gewysig moet word nie.

'appel van sy oog'-lesing voorstaan, die partikel met 'want' of 'dat' vertaal,[23] en כי as inleiding tot die direkte rede hanteer (vgl. Meyers & Meyers 1987:162; NBV04; NLV; NJPS).

'n Derde opsie is om כי te sien as 'n modaalwoord wat bevestiging uitdruk. Van der Merwe *et al.* (1997:254) skryf die volgende hieroor: 'Druk bevestiging van 'n voorafgaande uiting, vermoede of oortuiging van 'n spreker uit.' Koehler *et al*. (1995:470) se eerste inskrywing bespreek כי as 'n '*demonstrative particle*' wat beklemtoning aandui en in Engels met '*verily, indeed*' vertaal kan word. Die partikel כי kan gevolglik met 'inderdaad, waarlik, ja' vertaal word (vgl. NRSV; Petersen 1985:173). Hierdie vertaling maak waarskynlik die meeste sin in die lig van die onmiddellike literêre konteks.

בבבת

Die selfstandige naamwoord בבה kom slegs in Sagaria 2:8(12) voor en word deur die meeste vertalings en kommentatore[24] met 'appel van sy/my oog' (*'apple of his/my eye'*) vertaal. Sommige vertaal dit wel in Engels met '*pupil of his/my eye*' (vgl. NJPS; Petersen 1985:173).[25] Die Hebreeuse woord אישון tesame met עין [oog] is die meer algemene frase wat vir oogappel gebruik word (vgl. Deut 32:10; Ps 17:8; Spr 7:2, 9). Die vraag is: Hoekom word die ongewone vorm hier gebruik wat in die Hebreeuse kanon 'n *hapax legomenon* is? Volgens Finley (1988:337–338) moet ons weer nuut oor die betekenis van die woord בבה dink. In die konteks van Sagaria 2 word Babel in 'n negatiewe lig gesien. Volgens hom moet ons na die Akkadiese ekwivalent van בבה gaan kyk. Babel is gesien as die 'poort van god' en gevolglik kan בבבת in Sagaria 2:8(12) met 'poort van sy oog' vertaal word.

Finley se hipotese maak sin, maar daar is nie genoeg gronde om dit te aanvaar nie. Waarskynlik dien בבה as 'n sinoniem vir אישון en kan albei met 'appel van die oog' vertaal word. Sagaria 2 beskryf 'n intieme verhouding tussen YHWH en Israel waar YHWH beloof om sy volk wat deur Babel en ander nasies uitgebuit is, te beskerm. Die vertaling 'appel van sy oog' pas beter in by hierdie onmiddellike literêre konteks.

עינו

Die Hebreeuse woord עינו [sy oog] is een van die sogenaamde 18 *tiqqune sopherim*[26] in die Hebreeuse Bybel. Daar word gereken dat hierdie wysigings deur skrifgeleerdes in die laaste twee eeue voor Christus en in die vroeë Christelike jare aangebring is. Die moontlikheid bestaan dat die oorspronklike lesing עיני [my oog] deur skrifgeleerdes na עינו [sy oog] verander is weens teologiese redes (McCarthy 1981:69).[27] Skrifgeleerdes het dikwels veranderings aangebring uit vrees vir die misbruik van die Godsnaam. Hier is dit waarskynlik gedoen om die sterk antropomorfisme te vermy (Rudolph 1976:88; Deist 1978:59–60; Fourie 1991:49).

Die moontlike wysiging van die grondteks (עינו) na עיני [my oog] word deur enkele antieke tekste en tradisies ondersteun: Rabynse tradisie (Joshua ben Levi, die Tanhuna en Yalkut ha-Makhiri, die Arug van Natan e.a.); sommige Latynse en Griekse tradisies (Codex Washingtonensis en Koptiese uitgawe); Klementynse uitgawe van die Vulgaat; en Qumran fragment 4QXIIe (McCarthy 1981:61–61; Fourie 1991:49). Asada (1896:27) kom wel tot die gevolgtrekking dat Sagaria 2:8(12) nie gewysig moet word as dit met verskeie antieke tekste vergelyk word nie. Sommige kommentatore en moderne vertalings wysig ook die Masoretiese teks (vgl. 1983-AV; JB; NLT; NLV; NBV04; NRSV; Meyers & Meyers 1987:162; Merril 2003:108). Die volgende vertalings behou weer die Masoretiese teks (1933/1953-AV; KJV; LXX; NEB; NET; NIV; NJPS; Smith 1984:194; Stead 2009:115).

Daar word verkies om by die bestaande Masoretiese teks te hou. Die LXX weergawes, asook die Siriese vertaling, ondersteun nie die wysiging nie. As 'n mens die Masoretiese teks se lesing aanvaar, beteken dit dat die Godspraak eers in vers 9(13) begin. Indien die gewysigde lesing aanvaar word, begin die Godspraak alreeds in vers 8(12) (Tiemeyer 2004:356).

Slot

'n Moontlike vertaling

Sagaria 2:8(12) is waarskynlik een van die moeilikste teksgedeeltes in die boek Sagaria. Die uiteenlopende vertalings wat deur geleerdes en vertalings aangebied word, bevestig hierdie feit. Sommige mag wel reken dat Sagaria 2:8(12) onvertaalbaar is, maar ongelukkig kan die vertaler nie so maklik hiermee wegkom nie. In die lig van die voorafgaande bespreking word 'n moontlike vertaling aangebied. Daar word verkies om nié die Masoretiese teks te wysig nie, omdat daar nie genoegsame gronde hiervoor is nie:

> Want so sê die HERE van alle magte: Ná die heerlikheid het Hy my gestuur na die nasies deur wie julle uitgebuit is; waarlik, wie aan julle vat, vat aan die appel van sy oog.

By die woord *heerlikheid* word 'n voetnoot geplaas waarin aangedui word dat dit waarskynlik na die derde visioen verwys (Sag 2:1–5[5–9]). In hierdie visioen word beklemtoon dat YHWH se heerlikheid onder die volk sigbaar sal wees, onder andere soos 'n muur van vuur in Jerusalem (v. 5[9]). Sagaria 2:8(12) beklemtoon dat die Here van alle magte sy heerlikheid bekend gemaak het deur die visioen en dat Hy die profeet na Babel en die ander nasies wat hulle uitgebuit het, stuur. Die Here is nie bereid om verder die uitbuiting te duld nie, omdat die volk Israel sy oogappel, sy uitverkore volk is.

23.'n Meerderheid geraadpleegde vertalings vertaal dit redegewend ('want' of '*for*') (1933/1953-AV; 1983-AV; JB; NEB; NET; NIV; NKJV; NLT; Merril 2003:108). 'n Mens kan egter nie volkome met Tiemeyer saamstem nie. Al bogenoemde vertalings gebruik nie die 'my oog'-lesing nie.

24.Ten minste twee geleerdes bied alternatiewe vertalings aan. Merril (2003:111) verwys na die verwantskap met Akkadiese en Aramese woorde en vertaal dit met '*opening of my eye*'. Meyers en Meyers (1987:162) wysig die teks en vertaal dit met '*at my open eye*'.

25.Volgens Koehler *et al.* (1994:107) kan dit ook met '*eyeball*' vertaal word.

26.Hebreeuse uitdrukking wat letterlik 'korreksies deur die skrifgeleerdes' beteken.

27.McCarthy (1981:61–129) bestudeer al die sogenaamde *tiqqune sopherim* en kom tot die gevolgtrekking dat net 1 Samuel 3:13, Sagaria 2:12 en Job 7:20 met sekerheid as korreksies deur die skrifgeleerdes beskou kan word.

Erkenning

Mededingende belange

Die outeur verklaar dat hy geen finansiële of persoonlike verbintenis het met enige party wat hom nadelig kon beïnvloed in die skryf van hierdie artikel nie.

Literatuurverwysings

Asada, E., 1896, *The Hebrew text of Zechariah 1–8 compared with different ancient versions,* University of Chicago Press, Chicago.

Baldwin, J.G., 1972, *Haggai, Zechariah, Malachi,* IVP, Leicester. (Tyndale Old Testament Commentaries)

Boda, M.J., 2004, *Haggai, Zechariah,* Zondervan, Grand Rapids, Michigan. (The NIV application commentary)

Clark, D.J. & Hatton, H.A., 2002, *A handbook on Haggai, Zechariah and Malachi*, United Bible Societies, New York.

Collins, C.J., 1997, s.v. 'כבוד', *New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis* 2, pp. 577–587.

Deist, F.E., 1978, *Towards the text of the Old Testament,* D.R. Church Booksellers, Pretoria.

Finley, T.J., 1988, 'The apple of his eye' (*babat `enô*) in Zechariah II 12*', Vetus Testamentum* 38(3), 337–338. http://dx.doi.org/10.1163/156853388X00076, http://dx.doi.org/10.2307/1518063

Floyd, M.H., 2000, *Minor prophets: Part 2,* Eerdmans, Grand Rapids. (Forms of Old Testament Literature 22)

Fourie, L.C.H., 1991, 'Die struktuur en kerugma van Sagaria 1–8', DTh proefskrif, Dept. Ou Testament, Universiteit van Stellenbosch.

Hanhart, R., 1998, *Sacharja,* Neukirchener Verlag, Neukirchen-Vluyn. (BKAT 14)

Klein, G.L., 2008, *Zechariahm,* B & H Publishing, Nashville, Tennessee. (The New American Commentary)

Kloos, C.J.L., 1975, 'Zech. II 12: Really a Crux Interpretum?', *Vetus Testamentum* 25, 729–736. http://dx.doi.org/10.1163/156853375X00359

Koehler, L., Baumgartner, W. & Stamm, J.J. (eds.), 1994, *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament,* vol. 1, E.J. Brill, Leiden.

Koehler, L., Baumgartner, W. & Stamm, J.J. (eds.), 1995, *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament,* vol. 2, E.J. Brill, Leiden. PMid:7895162

Mason, R., 1977, *The books of Haggai, Zechariah and Malachi,* Cambridge University Press, Cambridge. (The Cambridge Bible Commentary)

McCarthy, C., 1981, *The Tiqqune Sopherim*, Universitätsverlag, Freiburg. (Orbis Biblicus et Orientalis 36)

Merril, E.H., 2003, *An exegetical commentary: Haggai, Zechariah, Malachi,* Biblical Studies Press, LLC.

Meyers, C. & Meyers, E.M., 1987, *Haggai, Zechariah 1-8,* Doubleday, New York. (Anchor Bible 25B)

Mitchell, H.G. & Smith, J.M.P., 1912, *Haggai, Zechariah, Malachi and Jonah,* T & T Clark, Edinburgh. (International Critical Commentary)

Mettinger, T.N.D., 1999, s.v. 'Yahweh Zebaoth', in K. Van der Toorn, B. Becking & P.W. Van der Horst (eds.), *Dictionary of Deities and Demons in the Bible,* Brill, Leiden, pp. 920–924.

O'Kennedy, D.F., 2007, 'Is dit moontlik om die goddelike naam יהוה צבאות in Afrikaans te vertaal?' *Old Testament Essays* 20(1), 185–200.

Petersen, D.L., 1985, *Haggai and Zechariah 1–8,* Westminster John Knox, Philadelphia. (Old Testament Library)

Petersen, D.L., 2002, *The Prophetic Literature: An Introduction,* Westminster John Knox Press, Louisville, Kentucky.

Redditt, P.L., 1995, *Haggai, Zechariah, Malachi,* Eerdmans, Grand Rapids, Michigan. (The New Century Bible Commentary)

Rignell, L.G., 1950, *Die Nachgesichte des Sacharja: Eine exegetische Studie,* C.W.K. Gleerup, Lund.

Rudolph, W., 1976, *Haggai, Sacharja 1–8, Sacharja 9–14, Maleachi,* Mohn, Güttersloh. (Kommentar zum Alten Testament)

Smith, R.L., 1984, *Micah-Malachi*, Thomas Nelson, Nashville. (World Biblical Commentary 32)

Schmitt, R., 1972, *Zelt und Lade als Thema alttestamentichler Wissenschaft*, Gerd Mohn, Gütersloh.

Sweeney, M.A., 2000, *The twelve prophets* vol. 2*,* Liturgical press, Collegeville, Minnesota. (Berit Olam)

Stead, M.R., 2009, *The intertextuality of Zechariah 1–8*, T & T Clark, London. (Library of Hebrew Bible/Old Testament studies 506)

Tiemeyer, L.S., 2004, 'Compelled by honour – a new interpretation of Zechariah II 12A (8A)', *Vetus Testamentum* 54, 352–372. http://dx.doi.org/10.1163/1568533041694555

Van der Merwe, C.H.J., Naudé, J.A. & Kroeze, J.H., 1997, *Bybels-Hebreeuse naslaangrammatika* vol. 1*,* Werkgroep vir Bybelse Hebreeus, Stellenbosch.

Van Der Woude, A.S., 1984, *Zacharia,* Callenbach, Nijkerk. (Prediking van het Oude Testament)

Waltke, B.K. & O'Connor, M., 1990, *An Introduction to Biblical Hebrew Syntax,* Eisenbrauns, Winona Lake, Indiana.